

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

OFFISIËLE KOERANT

BUITENGEWONE
VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c

Thursday 3 May 1973

WINDHOEK

Donderdag 3 Mei 1973

No.3320

CONTENTS

INHOUD

Page/Bladsy

DRAFT ORDINANCES:

Town Planning Amendment Draft Ordinance, 1973
Townships and Division of Land Amendment Draft Ordinance, 1973.
Municipal Amendment Draft Ordinance, 1973
Road Traffic Amendment Draft Ordinance, 1973

ONTWERPORDONNANSIES:

Wysigingsontwerpordonnansie op Dorpsbeplanning 1973	419
Wysigingsontwerpordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1973	427
Munisipale Wysigingsontwerpordonnansie 1973	437
Wysigingsontwerpordonnansie op Padverkeer 1973	443

Draft Ordinances

Ontwerpordonnansies

The following Draft Ordinances are published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

Die volgende Ontwerpordonnansies word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

————— Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

[] Words in square brackets indicate deletions proposed.

DRAFT ORDINANCE

To amend the Town Planning Ordinance, 1954, so as to substitute the expression "Executive Committee" for the word "Administrator"; to extend the definition of "local authority" and to define the expression "Executive Committee"; to extend the functions, powers and duties of the South West African Planning Advisory Board; to amend the provisions in respect of the provision of parking and loading areas at buildings with a view to preventing obstruction of traffic; to amend section 47 so as to substitute the word "State" for the word "Crown" and the word "commission" for the word "board"; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:-

Amendment of Ordinance 18 of 1954 to substitute the expression "Executive Committee" for the word "Administrator".
Amendment of section 2 of Ordinance 18 of 1954, as amended by section 2 of Ordinance 13 of 1970.

1. The Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954) — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the substitution for the word "Administrator" wherever it appears of the expression "Executive Committee".

2. Section 2 of the principal Ordinance is hereby amended —

(a) by the insertion before the definition of "local authority" of the following definitions:

““building”, without in any way limiting the ordinary meaning of the word, includes —

- (a) any structure, whether it be of a permanent or temporary nature, erected or used for the housing or accommodation of human beings or for the storage, manufacture or sale of goods or materials or for the destruction or treatment of refuse or other waste materials;
- (b) a wall, swimming pool, swimming bath, reservoir, tower, bridge, chimney, mast, summer-house and hot-house and any structure appertaining thereto or erected or used in connection therewith;
- (c) any boundary fence or boundary wall;
- (d) any projection from a building;

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan in-voegings voorgestel.

[] Woorde tussen vierkantige hake dui aan skrap-pings voorgestel.

ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954, om die woord "Administrateur" deur die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te vervang; om die woordbepaling van "plaaslike bestuur" uit te brei en die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te omskryf; om die funksies, bevoegd-hede en pligte van die Suidwes-Afrikaanse Beplannings-adviesraad uit te brei; om die bepalinge met betrekking tot die verskaffing van parkeer- en laairuimte by geboue ten einde verkeersbelemmering te voorkom, te wysig; om artikel 47 te wysig om die woord "Kroon" deur die woord "Staat" en die woord "raad" deur die woord "kommis-sie" te vervang; en om voorsiening te maak vir bykom-stige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

Wysiging van Ordonnansie 18 van 1954 om die woord "Administrateur" deur die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te vervang.
Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 18 van 1954, soos gewysig deur artikel 2 van Ordonnansie 13 van 1970.

1. Die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) — hieronder die Hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig deur die woord "Administrateur" oral waar dit voorkom deur die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te vervang.

2. Artikel 2 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur voor die woordbepaling van "plaaslike bestuur" die volgende woordbepalinge in te voeg:

"omvat "gebou" sonder om die gewone betekenis van die woord enigsins te beperk, ook —

- (a) enige struktuur, ongeag of dit van 'n permanente of tydelike aard is, wat opgerig is of gebruik word vir die huisvesting of herberg van mense of vir die opberging, vervaardiging of verkoop van goedere of materiaal, of vir die vernietiging of behandeling van vuilgoed of ander afvalmateriaal;
- (b) 'n muur, swempeel, swembad, reservoir, toring, brug, skoorsteen, mas, somerhuisie en kweekhuis en enige struktuur wat daarby hoort of in verband daarmee opgerig is of gebruik word;
- (c) enige grensheining of grensmuur;
- (d) enige uitsteeksel van 'n gebou;

“Executive Committee” means the Administrator-in-Executive Committee as referred to in section 6 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968);” and

- (b) by the substitution for the definition of “local authority” of the following definition:

“[“local authority” means a town council constituted under the provisions of the Municipal Ordinance, 1949 as amended, or a Village Management board, constituted under the provisions of the Village Management Boards Ordinance, 1937, as amended;]

“local authority” means the council of a municipality constituted or established in terms of the provisions of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), a Village Management Board constituted in terms of the provisions of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963) and the Peri-Urban Development Board established in terms of the provisions of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970);”.

Amendment of section 12 of Ordinance 18 of 1964, as amended by section 4 of Ordinance 13 of 1970.

3. Section 12 of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion after paragraph (g) of subsection (2) of the following paragraphs:

“(gA) to advise the Executive Committee on the desirability for and necessity of establishing townships;

(gB) to advise the Executive Committee on the subdivision of land situated outside an approved township or outside the townlands of such a township where either the subdivision or the remainder thus created is smaller than twenty-five hectares;

(gC) to advise the Executive Committee on the desirability for and necessity of deproclaiming townships.”.

Amendment of section 33 of Ordinance 18 of 1964.

4. Section 33 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (i) of subsection (1) of the following paragraph:

“[(i) in the case of the erection of any building intended to be used for purposes of business or industry, requires the provision of accommodation for the parking of motor vehicles of persons employed or resident on the premises or for loading, unloading or fuelling vehicles with a view to preventing obstruction of traffic on any road;]

(i) with a view to preventing obstruction of traffic requires that at any building, excluding a dwelling house —

(i) areas where persons who are employed or resident on the premises, can park their vehicles; or

(ii) areas where vehicles can be loaded, unloaded or fuelled; or

(iii) areas where persons who are employed or resi-

“Uitvoerende Komitee” die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee bedoel in artikel 6 van die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968);” en

- (b) deur die woordbepaling van “plaaslike bestuur” deur die volgende woordbepaling te vervang:

“ [“plaaslike bestuur” ’n stadsraad gestig ingevolge die bepalings van die Munisipale Ordonnansie 1949, soos gewysig, of ’n dorpsbestuur gestig ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1937, soos gewysig;]

“plaaslike bestuur” die raad van ’n munisipaliteit gestig of ingestel ingevolge die bepalings van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), ’n dorpsbestuur ingestel ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) en die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling ingestel ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970);”.

Wysiging van artikel 12 van Ordonnansie 18 van 1954, soos gewysig deur artikel 4 van Ordonnansie 13 van 1970.

3. Artikel 12 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur na paragraaf (g) van subartikel (2) die volgende paragrawe in te voeg:

“(gA) om die Uitvoerende Komitee van raad te bedien oor die wenslikheid en noodsaaklikheid vir die stigting van dorpe;

(gB) om die Uitvoerende Komitee van raad te bedien oor die onderverdeling van grond geleë buite ’n goedgekeurde dorp of buite die dorpsgrond van so ’n dorp waar óf die onderverdeling óf die restant aldus geskep kleiner is as vyf-en-twintig hektaar;

(gC) om die Uitvoerende Komitee van raad te bedien oor die wenslikheid en noodsaaklikheid vir die deproklamering van dorpe;”.

Wysiging van artikel 33 van Ordonnansie 18 van 1954.

4. Artikel 33 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (i) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“[(i) by die oprigting van ’n gebou wat vir sake- of nywerheidsdoeleindes bestem is, vereis dat daar ten einde verkeersbelemmering te voorkom, op ’n pad ruimte verskaf moet word waar diegene wat op die perseel werk of woon, hul voertuie kan parkeer, of waar voertuie belaa, ontlai of met brandstof gevul kan word;]

(i) ten einde verkeersbelemmering te voorkom, vereis dat by enige gebou uitgesonderd ’n woonhuis —

(i) ruimte waar diegene wat op die perseel werk of woon, hul voertuie kan parkeer; of

(ii) ruimte waar voertuie belaa, afgelaa of met brandstof gevul kan word; of

(iii) sowel ruimte waar diegene wat op die perseel

dent on the premises can park their vehicles as well as areas where vehicles can be loaded, unloaded or fuelled,

shall be provided on such premises;".

Amendment of section 47 of Ordinance 18 of 1954, as amended by section 6 of Ordinance 13 of 1970.

5. Section 47 of the principal Ordinance is hereby amended —

- (a) by the substitution for the word "Crown" wherever it appears of the word "State"; and
- (b) by the substitution for the word "board" wherever it appears of the word "commission".

Insertion of section 48A in Ordinance 18 of 1954.

6. The principal Ordinance is hereby amended by the insertion after section 48 of the following section:

"Prohibition of the erection of buildings.

48A. (1) If the Executive Committee after consultation with the board is of the opinion that the steps taken or intended to be taken by the owner or lessee of land in connection with the erection of a building or buildings, other than for *bona fide* farming operations form or are likely to form the nucleus of a township, it may, notwithstanding the provisions of any other law, in writing under his hand prohibit such owner or lessee from erecting any such building or buildings on such land.

(2) Every such owner or lessee who erects a building or buildings or causes a building or buildings to be erected in defiance of such prohibition, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding four hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months.

(3) Every owner or lessee of land, upon whom a prohibition referred to in subsection (1) has been imposed, who wishes to erect a building on such land, shall apply to the Executive Committee for permission to do so and the Executive Committee shall refer such application to the board for consideration.

(4) After consideration and after such inquiry or inspection as the board may deem necessary, the board shall report to the Executive Committee on the application or on any matter connected therewith which it may deem necessary to bring to the notice of the Executive Committee and the Executive Committee may grant or refuse such application and its decision shall be final.

(5) when the Executive Committee has in terms of subsection (1) prohibited an owner or lessee of land from erecting any building or buildings on such land, a copy of such prohibition shall be lodged with the Registrar of

werk of woon, hul voertuie kan parkeer as ruimte waar voertuie belaa, afgelaai of met brandstof gevul kan word.

op sodanige perseel verskaf moet word;"

Wysiging van artikel 47 van Ordonnansie 18 van 1954, soos gewysig deur artikel 6 van Ordonnansie 13 van 1970.

5. Artikel 47 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

- (a) deur die woord "Kroon" oral waar dit voorkom deur die woord "Staat" te vervang; en
- (b) deur die woord "raad" oral waar dit voorkom deur die woord "kommissie" te vervang.

Invoeging van artikel 48A in Ordonnansie 18 van 1954.

6. Die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur na artikel 48 die volgende artikel in te voeg:

"Verbod op die oprigting van geboue.

48A. (1) As die Uitvoerende Komitee

na oorleg met die raad meen dat die stappe wat gedoen is of beoog word deur die eienaar of huurder van grond in verband met die oprigting van 'n gebou of geboue, buiten vir *bona fide* boerderybedrywighede, die kern van 'n dorp uitmaak of waarskynlik sal uitmaak, kan hy nieteenstaande die bepalinge van enige ander wet sodanige eienaar of huurder skriftelik onder sy hand verbied om enige sodanige gebou of geboue op sodanige grond op te rig.

(2) Elke sodanige eienaar of huurder wat 'n gebou of geboue in weerwil van sodanige verbod oprig of laat oprig, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

(3) Elke eienaar of huurder van grond waarop 'n verbod bedoel in subartikel (1) opgelê is, wat 'n gebou op sodanige grond wil oprig, moet aansoek by die Uitvoerende Komitee doen om verlof daartoe en die Uitvoerende Komitee verwys so 'n aansoek na die raad ter oorweging.

(4) Na oorweging en na sodanige ondersoek of inspeksie soos die raad nodig vind, doen die Raad by die Uitvoerende Komitee verslag oor die aansoek of oor enige aangeleentheid in verband daarmee wat hy nodig ag om onder die Uitvoerende Komitee se aandag te bring, en die Uitvoerende Komitee kan sodanige aansoek toestaan of afwys en sy beslissing is afdoende.

(5) Wanneer die Uitvoerende Komitee ingevolge subartikel (1) 'n eienaar of huurder van grond verbied het om enige gebou of geboue op sodanige grond op te rig, moet 'n afskrif van sodanige verbod ingedien word by

Deeds who shall cause a note of such prohibition to be made in his registers and to be endorsed on the office copy of the title deed concerned, and if at any time the original of such title deed is lodged in his registry for any purpose, he shall cause a similar note to be endorsed thereon.”

Short title.

7. This ordinance shall be called the Town Planning Amendment Ordinance, 1973.

die Registrateur van Aktes wat 'n aantekening van sodanige verbod in sy registers moet laat maak en laat endosseer op die kantoorafskrif van die betrokke titelbewys, en as die oorspronklike van sodanige titelbewys te eniger tyd in sy aktekantoor vir enige doel ingedien word, moet hy 'n soortgelyke aantekening daarop laat endosseer."

Kort titel.

7. Hierdie Ordonnansie heet die Dorpsbeplanningswysingsordonnansie, 1973.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

_____ Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

[] Words in square brackets indicate deletions proposed.

DRAFT ORDINANCE

To amend the Townships and Division of Land Ordinance, 1963, so as to substitute the expression "Executive Committee" for the word "Administrator"; to define the expressions "Executive Committee" and "South West African Planning Advisory Board" and to extend the definition of "local authority"; to redefine and extend the constitution of the Townships Board with a view to co-ordination between the Townships Board and the South West African Planning Advisory Board; to define the purpose of the Townships Board; to withdraw certain functions and powers from the Townships Board and to entrust them to and confer them upon the South West African Planning Advisory Board; to provide that subdivision of an erf or piece of land, situated within an approved township, into more than ten erven or pieces of land shall be deemed to be the establishment of a township; to provide for the partial or entire cancellation of a general plan of an approved township; to provide for the amendment of conditions, imposed in terms of the Municipal Ordinance, 1963, to which the title deeds of land are subject; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:-

Amendment of Ordinance 11 of 1963 to substitute the expression "Executive Committee" for the word "Administrator".

Amendment of section 1 of Ordinance 11 of 1963, as amended by section 1 of Ordinance 36 of 1967.

1. The Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the substitution for the word "Administrator" wherever it appears of the expression "Executive Committee".

2. Section 1 of the principal Ordinance is hereby amended

(a) by the insertion after the definition of "erf" of the following definition:

"(ivA) "Executive Committee" means the Administrator-in-Executive Committee as referred to in section 6 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968);";

(b) by the substitution for the definition of "local authority" of the following definition:

"[(vi) "local authority" means a municipal council or

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- _____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.
- [] Woorde tussen vierkantige hake dui aan skrapings voorgestel.

ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963, om die woord "Administrateur" deur die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te vervang; om die uitdrukkings "Uitvoerende Komitee" en "Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad" te omskryf en die woordbepaling van "plaaslike bestuur" uit te brei; om die samestelling van die Dorperaad te heromskryf en uit te brei met die oog op koördinasie tussen die Dorperaad en die Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad, om die doel van die Dorperaad te omskryf; om sekere funksies en bevoegdhede van die Dorperaad weg te neem en aan die Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad te verleen en op te dra; om te bepaal dat onderverdeling van 'n erf of stuk grond, geleë in 'n goedgekeurde dorp in meer as tien erwe of stukke grond as stigting van 'n dorp beskou moet word; om voorsiening te maak vir die gedeeltelike of algehele rojering van 'n algemene plan van 'n goedgekeurde dorp; om voorsiening te maak vir die wysiging van voorwaardes, gestel ingevolge die Munisipale Ordonnansie 1963, waaraan die titelbewys van grond onderhewig is; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

Wysiging van Ordonnansie 11 van 1963 om die woord "Administrateur" deur die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te vervang.

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 11 van 1963, soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 36 van 1967.

1. Die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) — hieronder die Hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig deur die woord "Administrateur" oral waar dit voorkom deur die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te vervang.

2. Artikel 1 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur na die woordbepaling van "erf" die volgende woordbepaling in te voeg:

“(ivA) “Uitvoerende Komitee” die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee soos bedoel in artikel 6 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968);”;

(b) deur die woordbepaling van “plaaslike bestuur” deur die volgende woordbepaling te vervang:

“(vi) “plaaslike bestuur” ’n munisipale raad of ’n

a village management board;]

(vi) "local authority" means the council of a municipality constituted or established in terms of the provisions of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), a Village Management Board constituted in terms of the provisions of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963) and the Peri-Urban Development Board established in terms of the provisions of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970);"; and

(c) by the insertion after the definition of "regulation" of the following definition:

"(ixA) "South West African Planning Advisory Board" means the South West African Planning Advisory Board established in terms of the provisions of section 9(1) of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954);".

Amendment of section 2 of Ordinance 11 of 1963, as amended by section 1 of Ordinance 2 of 1970.

3. Section 2 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) (a) The Surveyor-General, Windhoek, the Registrar of Deeds, Windhoek, and the Chief Roads Engineer, [the] Director of Works and [the Head,] Director of Local Government [Branch] of the Administration, or any officer of his office nominated in his stead by the said Surveyor-General, Registrar of Deeds, Chief Roads Engineer, Director of Works or [Head] Director of Local Government [Branch], as the case may be, for the purpose of any meeting, shall be members of the board *ex officio*.

(b) The [Administrator] Executive Committee shall appoint [a person] as [member] members of the Board a person who shall bring to the notice of the Board the views of local authorities and the interests of the inhabitants of [local authority] areas of local authorities, and a person who is a member of the South West African Planning Advisory Board, with a view to co-ordination between those two boards, and shall also appoint the other members of the Board."

Insertion of section 2A in Ordinance 11 of 1963.

4. The principal Ordinance is hereby amended by the insertion after section 2 of the following section:

"Purpose of Board. 2A. The purpose of the Board shall be to exercise and perform the functions, powers and duties entrusted to and conferred upon it in terms of the provisions of this Ordinance."

Amendment of section 3 of Ordinance 11 of 1963.

5. Section 3 of the principal Ordinance is hereby amended by the deletion of paragraph (a) of subsection (1).

Amendment of section 5 of Ordinance 11 of 1963, as amended by

6. Section 5 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

dorpsbestuur;]

- (vi) "plaaslike bestuur" die raad van 'n munisipaliteit gestig of ingestel ingevolge die bepalings van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), 'n dorpsbestuur ingestel ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) en die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling ingestel ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970);"; en

- (c) deur na die woordbepaling van "regulasie" die volgende woordbepaling in te voeg:

"(ixA) "Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad" die Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad ingestel ingevolge die bepalings van artikel 9(1) van die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954);".

Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 11 van 1963, soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 2 van 1970.

3. Artikel 2 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) (a) Die Landmeter-generaal, Windhoek, die Registrateur van Aktes, Windhoek, en die Hoof Paaie-ingenieur, [die] Direkteur van Werke en [die Hoof, Afdeling] Direkteur van Plaaslike Bestuur van die Administrasie of 'n beampte van sy kantoor wat die genoemde Landmeter-generaal, Registrateur van Aktes, Hoof Paaie-ingenieur, Direkteur van Werke of [Hoof, Afdeling], Direkteur van Plaaslike Bestuur, na gelang, vir die doel van 'n vergadering in sy plek aanwys, is amptshalwe lede van die raad.

(b) die [Administrateur] Uitvoerende Komitee stel as [lid] lede aan iemand wat die sienswyses van plaaslike besture en die belange van die inwoners van gebiede van plaaslike [owerhede] besture onder die aandag van die raad moet bring, en iemand wat lid is van die Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad, met die oog op koordinasie tussen dié twee rade, en stel ook die ander lede van die raad aan."

Invoeging van artikel 2A in Ordonnansie 14 van 1963.

4. Die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur na artikel 2 die volgende artikel in te voeg:

"Doel van raad. 2A. Die doel van die raad is om die funksies, bevoegdhede en pligte wat ingevolge die bepalings van hierdie ordonnansie aan hom verleen en opgedra word, uit te oefen en te vervul."

Wysiging van artikel 3 van Ordonnansie 11 van 1963.

5. Artikel 3 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (1) te skrap.

Wysiging van artikel 5 van Ordonnansie 11 van 1963, soos gewysig deur

6. Artikel 5 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

section 2 of
Ordinance 36
of 1967.

"[(5) The Administrator shall upon receipt thereof refer the application to the Board for consideration and report and the Board shall forthwith publish once in the *Official Gazette* and once in such newspaper or newspapers as it may deem fit, a notice that such application has been made and is open for inspection at the office of the Surveyor-General and at such other places (if any) as may be stated in such notice.]

(5) (a) (i) Upon receipt of the application the Executive Committee shall refer it to the South West African Planning Advisory Board for consideration and a recommendation on the desirability and necessity of establishing the proposed township.

(ii) The recommendation of the South West African Planning Advisory Board shall be submitted to the Executive Committee and the Executive Committee shall decide whether the establishment of the proposed township is desirable and necessary, or not: Provided that the Executive Committee may, before so deciding, refer the application back to the South West African Planning Advisory Board for such further inquiry as the Executive Committee may deem fit.

(iii) Should the Executive Committee decide that the establishment of the proposed township is desirable and necessary, it shall refer the application to the Board and thereupon the Board shall publish, once in the *Official Gazette* and once in such newspaper or newspapers as the Board may deem fit, a notice that such an application has been received and is open for inspection at the office of the Director of Local Government and at such other places (if any) as may be stated in such notice."

Amendment of
section 19 of
Ordinance 11
of 1963, as
amended by
section 6 of
Ordinance 36
of 1967.

7. Section 19 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) If the owner of any such erf or land wishes to subdivide it, he shall apply to the [Administrator] Executive Committee for permission to do so: Provided that if the owner of any such erf or such land wishes to subdivide it into more than ten erven or portions of land, it shall be deemed to be establishment of a township and the procedure laid down in this Ordinance in connection with the establishment of a township shall be followed."

Amendment of
section 20 of
Ordinance 11
of 1963, as
amended by
section 7 of
Ordinance 36
of 1967.

8. Section 20 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the word "Board" wherever it appears of the expression "South West African Planning Advisory Board".

Deletion of
section 22 of
Ordinance 11
of 1963, as
amended by
section 8 of
Ordinance 36
of 1967.

9. Section 22 of the principal Ordinance is hereby deleted.

Amendment of
section 24
of Ordinance 11
of 1963.

10. Section 24 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the word "Board" wherever it appears of the expression "South West African Planning Advisory Board".

artikel 2 van
Ordonnansie 36
van 1967.

“(5) By ontvangs van die aansoek verwys die Administrateur dit na die raad ter oorweging en verslagdoening en daarop publiseer die raad onverwyld ’n kennisgewing een keer in die *Offisiële Koerant* en een keer in sodanige nuusblad of nuusblaai soos die raad goedvind, dat so ’n aansoek geskied het en by die kantoor van die Landmeter-generaal en by sodanige ander plekke (as daar is) soos in sodanige kennisgewing vermeld, ter insae lê.]

(5) (a) (i) By ontvangs van die aansoek verwys die Uitvoerende Komitee dit na die Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad vir oorweging en ’n aanbeveling oor die wenslikheid en noodsaaklikheid van die stigting van die voorgestelde dorp.

(ii) Die aanbeveling van die Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad word aan die Uitvoerende Komitee voorgelê en die Uitvoerende Komitee beslis of die stigting van die voorgestelde dorp wenslik en noodsaaklik is, al dan nie: Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee, voordat hy aldus beslis, die aansoek na die Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad kan terugverwys vir sodanige verdere ondersoek soos die Uitvoerende Komitee nodig ag.

(iii) Beslis die Uitvoerende Komitee dat die stigting van die voorgestelde dorp wenslik en noodsaaklik is, verwys hy die aansoek na die raad en daarop publiseer die raad ’n kennisgewing een keer in die *Offisiële Koerant* en een keer in sodanige nuusblad of nuusblaai soos die raad goedvind, dat so ’n aansoek ontvang is en by die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur en by sodanige ander plekke (as daar is) soos in sodanige kennisgewing vermeld, ter insae lê.”

Wysiging van
artikel 19 van
Ordonnansie 11
van 1963, soos
gewysig deur
artikel 6 van
Ordonnansie
36 van 1967.

7. Artikel 19 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) As die eienaar van so ’n erf of sodanige grond dit wil onderverdeel, moet hy aansoek by die [Administrateur] Uitvoerende Komitee doen om verlof daartoe: Met dien verstande dat indien die eienaar van so ’n erf of sodanige grond dit wil onderverdeel in meer as tien erwe of stukke grond dit as stigting van ’n dorp beskou moet word en die prosedure wat in hierdie ordonnansie voorgeskryf word in verband met die stigting van ’n dorp, nagekom moet word.”

Wysiging van
artikel 20 van
Ordonnansie 11
van 1963, soos
gewysig deur
artikel 7 van
Ordonnansie 36
van 1967.

8. Artikel 20 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woord “raad” oral waar dit voorkom deur die uitdrukking “Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad” te vervang.

Skrapping van
artikel 22 van
Ordonnansie 11
van 1963, soos
gewysig deur
artikel 8 van
Ordonnansie 36
van 1967.

9. Artikel 22 van die Hoofordonnansie word hierby geskrap.

Wysiging van
artikel 24 van
Ordonnansie 11
van 1963.

10. Artikel 24 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woord “raad” oral waar dit voorkom deur die uitdrukking “Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad te vervang.

Amendment of
section 26 of
Ordinance 11
of 1963.

11. Section 26 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsections (3), (4) and (6) of the following subsections:

